



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

FEBRUARIE/MAART 2014

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste	(20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloediagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute
8. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genummer is.
9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.
10. **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 250–300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1

'N VRIEND WAT JY ALTYD SAL ONTHOU[Uit: www.google.com]

Jy het gedurende jou skoolloopbaan baie vriende gemaak. Daar is egter een vriend wat jy altyd sal onthou.

Skryf 'n **opstel** oor daardie vriend.

[50]

1.2

'N DAG SAAM MET 'N STRAATKIND[Uit: www.google.com]

Jy het 'n dag saam met 'n straatkind deurgebring.

Dink **byvoorbeeld** aan:

- Wat julle gedoen het
- Hoe mense julle behandel het
- Die lesse wat jy geleer het

Skryf 'n **opstel** daaroor.

[50]

1.3

TYD VIR 'N NUWE BEGIN




Jy het besluit om jou verkeerde lewe te los. Dis tyd vir 'n nuwe begin.

Skryf 'n **opstel** daaroor.

[50]

1.4

As ek eers 'n paspoort het ...



[Uit: www.google.com]

Wat sal jy alles doen as jy jou paspoort het?

Dink aan:

- Waarom 'n paspoort vir jou so belangrik is
- Die plekke waaroor jy nog altyd gedroom het
- Die loopbaangeleenthede as jy 'n paspoort het

Skryf 'n **opstel** daaroor.

[50]

1.5

Ouma en haar selffoon



[Uit: www.google.com]

Jou ouma is een van daardie mense wat sukkel om met 'n selffoon te werk.

Skryf 'n **opstel** daaroor.

[50]

1.6

Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet direk by die KERN van die prent aansluit.

1.6.1



[Uit: www.google.com]

[50]


1.6.2



[Uit: www.google.com]

[50]

1.6.3



[Uit: www.google.com]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 FORMELE BRIEF

Jy het die volgende advertensie in die koerant gelees en wil graag aansoek doen vir hierdie werk.

<p style="text-align: center;">KELNER OF KELNERIN</p> <p>Dié pos is vanaf 01/04/2014 by <i>Silwer Wolk Spur</i> beskikbaar.</p> <p>Vereistes:</p> <ul style="list-style-type: none">• Harde werker• Goeie kommunikasievermoëns• Lief vir mense• Eie vervoer <p>Pos jou aansoekbrief aan:</p> <p>Die Bestuurder Silwer Wolk Spur Posbus 498 Durban 4000</p>
--

Skryf 'n formele **brief** en doen aansoek vir hierdie pos.

[30]**2.2 DIALOOG**

Daar is een of meer van jou familieleden oor wie niemand praat nie. Jy het besluit om jou oupa oor hierdie persoon/persone uit te vra.

Skryf die **dialog** tussen jou en jou oupa neer.

[30]**2.3 KOERANTBERIG**

'n Motor is voor 'n winkel op julle dorp gesteel.

Skryf 'n **koerantberig** oor wat daar gebeur het.

[30]**2.4 TOESPRAAK**

Jy is die kaptein van 'n sportspan. Jy moet jou span voor 'n belangrike wedstryd motiveer.

Skryf jou **toespraak**.

[30]**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN
TRANSAKSIONELE TEKSTE****VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 DAGBOEKINSKRYWING

Jou eerste dag by 'n nuwe werk is verby.

Skryf jou gedagtes oor daardie dag in jou **dagboek** neer.

[20]**3.2 UITNODIGING**

[Uit: www.google.com]

Jou suster gaan trou.

Skryf die **inhoud** van die **uitnodigingskaartjie** vir die troue neer.

[20]

3.3 POSKAART

Jy en jou ouers is met vakansie. Daar het iets wonderliks met jou tydens hierdie vakansie gebeur. Jy kan nie wag om vir jou beste maat daarvan te vertel nie.

Gebruik hierdie formaat om die nuus wat jy aan jou maat wil stuur, neer te skryf.

	<div style="text-align: right; border: 1px solid black; padding: 2px; width: fit-content; margin: 0 auto 10px auto;">Seël</div> <hr/> <hr/> <hr/> <hr/>
--	---

[20]**TOTAAL AFDELING C: 20**
GROOTTOTAAL: 100